and because Schmidl did not want to add to his thesis of 400 pages. A microfilm of Trimmel's report of towards 1000 pages is in the archive of the South African Defence Force and of the State archive in Pretoria.

Schmidl had written an excellent work and I hope that it will be soon generally available, if possible with a translation in English.

**Dr C. de Jong**
**(University of South Africa)**

*'Ragtime Soldiers: The Rhodesian experience in the First World War'* deur Peter McLaughlin. Books of Zimbabwe, Posbus 1994, Bulawayo, Zimbabwe, 1980 (pp. 159 met foto's, kaarte en register).

Hierdie werk, wat deur 'n jong akademikus geskryf is, sal aan die verwagtings van hulle teleurstel wat 'n wetenskaplik-verantwoorde militêre-historiese publikasie verwag. Dit was nie die doel wat die outeur beoog het nie. Hy wou, omdat hy getref was deur die mate van onbekendheid in sy land aangaande die deelname van Rhodesië aan die Eerste Wêreldoorlog, daardie leemte op 'n populêre wyse aanvul. Sover afgelei kan word het hy beskikbare argiewe en die dagbladpers van die jare 1914-1918 met vrug geraadpleeg en verwerk. Waarin hy veral geslaag het, is sy lewendige verhaaltrant wat die leser in sy verbeelding terugvoer na gebeurtenisse wat vandag grotendeels vergeet is, na persoonlike ervarings van deelnemers aan die uitputtingsoorlog in die destydse bosoorlog in Oos-Afrika en die worstelinge in die loopgrawe aan die wesfront in Europa. Dit is 'n boek vol atmosfeer en wisselende stemmingsbeelde, politiek en militêr aan die tuisfront, militêr aan die onderskeie fronte waar Rhodesiers geveg het. Die front in Oos-Afrika, weliswaar 'n vergete front in 1914–1918, maar van die uiterste belang vir toekomstige militêre beplanners en deelnemers aan die Tweede Wêreldoorlog, waaronder – in albei gevalle – van ons eie weerbare Suid-Afrika sowel as Rhodesië het albei as buurlande en gekoppel aan die destydse Britse wêreldryk in die Eerste Wêreldoorlog betrokke geraak in 'n tydperk waarin aldus die skrywer 'n Britse oorlog 'n ryksoorlog was. Suid Rhodesië is deur 'n maatskappy, die British South Africa Company(BSAC) bestuur. Suid Rhodesië se blanke bevolking het, en ons haal weer aan – daarna gestrewe 'to out-British the British' terwyl Suid-Afrika vir die eerste maal na 1902 deur die deelname aan die oorlog op die pad na innerlike verskeurdheid geplaas was. Rhodesië het oor twee verdedigingseenhede, die British South Africa Police (1 150) en die Southern Rhodesia Volunteers (2 000) beskik. Hierdie eenhede was nie in alle opsigte slaggereed nie. Die opleiding en samestelling was van 'n twyfelagtige waarde vir deelname aan die gewapende konflik in Europa. Waar die geesdrif hoof opgevlam het en Rhodesiërs tot die stryd wou toetree, het 300 by Britse eenhede aangesluit. Met die uitbreek van die rebellie in Suid-Afrika het 'n verdere 200 vrywilligers in Salisbury, wat in die voetspore van hulle voorgangers wou volg, in militêre diens van Suid-Afrika getree om te help om die Rebellie te onderdruk. Hierdie eenheid, bekend as *1 Rhodesia Regiment*, het te Bloemfontein aangekom. Te laat om die Rebellie te help onderdruk is die eenheid te Tempe gestasioneer om daarna oorgeplaas te word na Maitland. Daarna is die Rhodesiërs, aan boord van die *Monarch* na Walvisbaai verskeep. Hulle aandeel in die veldtog in DSWA is in hoofstuk 2 beskryf. Terug in Kaapstad is die eenheid ontbind. Die lede van 1 RR het òf by Britse eenhede òf by SA eenhede aangesluit. Hulle bestemming was die oorlogsterrein in Wes-Europa.

Hoofstuk 3 (pp. 19–47) bied die leser 'n lewendige oorsig oor dié Rhodesiërs se militêre optrede wat hom in Duits Oos-Afrika afgespeel het tot Februarie 1917. *2 Rhodesia Regiment* het vroeg in 1915 op die oorlogsterrein verskyn. In hierdie hoofstuk verkry die leser 'n uitstekende oorsig oor die bosoorlog met al sy probleme, soos dikwels ontoereikende rantsoene, menigvuldige siektes, vervoervraagstukke, klimaatinvloede, vindingrykheid, ontberings e.d.m. Hierdie faktore het 2 RR verswak en verliese laat ly. Elke maand was 150 nuwelinge benodig om die eenheid op die vereiste sterkte te laat bly. Aangesien dit onmoontlik was, het die oorblywendes van 2 RR in April 1917 na Rhodesië teruggekeer. 2 RR is ontbind en die gewilliges wat nog kon veg is in Suid-Afrikaanse infanterie-eenhede opgeneem of het op eie houtjie by Britse eenhede aangesluit. Op 12.10.1917 het 2 RR, waarvan 'n groot aantal lede in DDA onder genl J.C. Smuts geveg het, se laaste uur geslaan. Dié *Rhodesia Native Regiment* het die stryd tot die einde voortgesit. een van die redes was dat hulle gewoond geraak het aan tropiese toestande. Hierdie hoofstuk is ryk aan persoonlike indrukke van hulle wat aan hierdie veldtog deelgeneem het. Daar is ook besonderhede in verband met menigvuldige vervoerprobleme en mediese toestande. 2 RR het 2 272 hospitaal- en 10 626 siektegevalle ge-

rapporteer. Soms was die gevegsterkte slegs 100 uit 'n totaal van 800 en in Januarie 1917 was daar slegs 91 lede van 2 RR oor wat aktiewe diens kon verrig. Siekte, nie die Duitse troepe nie, het 2 RR die doodsteek gegee!

Rhodesiërs wat aan die stryd in Europa deelgeneem het, is uit eie vrye wil – veral in die *King's Royal Rifle Corps* (KRRC) – opgeneem. Rhodesiërs het onder meer in Julie 1916 aan die Somme-offensief deelgeneem, waar swaar verliese gely is. Na die ontbinding van 2 RR is heelwat Rhodesiërs in *3 South African Infantry 13de* opgeneem. In Julie 1917 was die Rhodesiërs by Nieuwpoort, ander het diens gedoen in Griekeland of in die geledere van die *Royal Flying Corps*. Ieper, Loos, die Somme, Paeschendaele, Delvillebos ... Ook hierdie hoofstuk is vol besonderhede, onder meer oor die loopgraweoorlog.

Hoofstuk 5 staan in die teken van die *King's African Rifles*, 'n eenheid met 'n uiteindelike sterkte van 14 bataljons, gewerf in Oos-Afrika. Rhodesië het gesorg vir sy *Rhodesia Native Regiment* wat ook in Oos-Afrika opgetree het. In Europa was daar die Native Labour Corps wat louere verwerf het. In hierdie hoofstuk is veral aandag aan die werksaamhede van hierdie eenhede en die kenmerke van die lede van hierdie eenhede (totale sterkte RNR èn NLC: 2 700) gegee.

Besonderhede oor die tuisfront en die rol van die vrou in oorlogstyd, maar veral oor wapens wat in 1914–1918 in gebruik was, sluit 'n besonder oorsigtelike publikasie af, waarmee sowel die skrywer as die uitgewer geluk gewens kan word.

Rhodesiërs was onder meer in die volgende Suid-Afrikaanse eenhede verteenwoordig:

Die *Kimberley Regiment*, die *SA Aviation Corps*, die *SA Field Battery*, die *SA Heavy Artillery*, die *South African Horse*, die *SA Infantry*, die *SA Native Labour Contingent* en die *SA Signal Corps*

**Dr Jan Ploeger**